

Verslagwaardig:	JA / NEE
Sirkuleer Aan Regters:	JA / NEE
Sirkuleer Aan Landdroste:	JA / NEE

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA&R 65/04**
Datum verhoor: / Date heard: **11/10/2004**
Datum gelewer: / Date delivered:

In die saak van:

MTINI, MONDE

1^{ste} Appellant

ADAMS, JACKSON

2^{de} Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: Lacock R et Olivier R

UITSPRAAK OP APPEL

LACOCK R:

- 1] Die appellante is op 1 Oktober 2002 in die Distrikshof van Upington skuldig bevind aan roof. Na skuldigbevinding het die Distrikslanddros die appellante na die Streekhof verwys vir

vonnis kragtens die toepaslike voorskrifte van art 116 van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977.

Op 10 Februarie 2003 is die appellante in die Streekhof, Uppington, gevonniss tot 15 (vyftien) en 8 (agt) jaar gevangenisstraf onderskeidelik.

Beide appellante kom nou in hoër beroep teen die vonnisse hulle opgel.

- 2] Die feitelike omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat die appellante aan roof skuldig bevind is, kan as volg saamgevat word:

Net voor 12:00 op Saterdag, 9 Maart 2002 het die klaagster, mev. Rene Williams, met haar passasiersmotor voor die sekuriteitshekke van 'n onderneming genaamd Clover, in die sakegebied van Uppington stilgehou. Sy wou haar man wat werksaam was te Clover, besoek. Terwyl sy in haar motor gesit het en getoeter het vir die hekwag om haar in die perseel in te laat, het die eerste appellant by die regter venster van haar motor verskyn en iets aan haar beduie. Sy het die venster gedeeltelik afgedraai, en het die eerste appellant 'n sak met 'n broek daarin oor haar mond en neus gedruk. Terwyl sy gespartel en geskree het, het die tweede appellant die linker voorste ruit van haar motor stukkend geslaan en haar handsak wat op die linker voorste sitplek gel

het, gegryp. Hierna het die appellante weggehardloop met haar handsak. Die klaagster het skade gely in 'n bedrag van ongeveer R1 224.00, synde die waarde van die gesteelde goedere wat nie terug gevind is nie. Die skade aan haar voertuig, synde die gebreekte ruit en skade opgedoen terwyl sy die appellante agtervolg het, het meer as R4 000.00 beloop.

Tydens die rooftog het die klaagster ook 'n sny in haar linker hand opgedoen. Sy is nie seker hoe sy hierdie snywond opgedoen het nie.

- 3] Die persoonlike besonderhede van die appellante soos blyk uit die oorkonde, kan as volg opgesom word:

[31] Die eerste appellant was 28 jaar oud ten tye van die pleeg van die misdryf. Hy was ongetroud, maar die vader van 'n kind vir wie hy by geleenthede onderhoud betaal het. Hy is 'n sogenaamde teellier van beroep.

Minder as drie maande voor die pleeg van hierdie misdryf is hierdie appellant uit die gevangenis vrygelaat waar hy 'n vonnis van 5 (vyf) jaar vir moord uitgedien het. Dit blyk uit sy lys van vorige veroordelings dat hy op 8 Februarie 1996 skuldig bevind is aan diefstal waarvoor hy gevonnissen is tot R70.00 of 50 dae

gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is. Op 4 Mei 1998 is hy weereens vir diefstal gevonniss tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf. Op 10 September 1998 is hy skuldig bevind aan moord en gevonniss tot 5 (vyf) jaar gevangenisstraf. Daar is gelas dat hierdie vonnis en die vonnis van 3 (drie) jaar wat hy toe reeds op die diefstal uitgedien het, saam uitgedien moes word.

Terwyl hy gevangenisstraf uitgedien het, het die appellant matriek geskryf en geslaag in die gevangenis.

Ten tye van die pleeg van die onderhawige misdryf het die appellant geen vaste betrekking beklee nie, en het by sy ouers gewoon. Dit blyk ook dat hy nadat hy vrygelaat was, betrokke geraak het by sokker ontwikkeling.

- [32] Die tweede appellant was 18 jaar oud ten tye van die pleeg van die misdryf, en 'n graad 9 skolier aan die Paballelo Senior Sekondêre Skool, Upington. Hy het gewoon aan huis van 'n suster van sy moeder wat hom ook as kind grootgemaak het. Hy het weinig bande met sy eie moeder en ken nie sy natuurlike vader nie. Aldus 'n voorvonnis-verslag voorberei deur 'n senior maatskaplike werker verbonde aan Upington Korrektiewe Dienste, beskou die pleegtante van die

appellant hom as 'n verantwoordelike, en betroubare en rustige persoon wat hom aan haar gesag onderwerp. Sy hou die appellant se assosiasie met swak vriende voor as die rede dat hy by die misdaad betrokke geraak het. Hy het geen geskiedenis van kriminele gedrag nie, en het dan ook as 'n eerste oorteder voor die Hof tereg gestaan.

- 4] Vir vonnisdoeleindes het die Staat die getuienis van die klaagster, dié van ene Superintendent van Wyk, 'n polisie-beampte verbonde aan die ernstige geweldsmisdaadeenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie, Upington, asook dié van me. Britz, die voormelde maatskaplike werkster, aangebied.

[41] Die klaagster, mev. Williams, het getuig dat sy, na die tersaaklike voorval waartydens sy beroof was, na 'n plaaslike hospitaal was waar sy 'n inspuiting vir skok ontvang het. Hierna het sy medikasie ontvang op voorskrif van 'n geneesheer vir haar skoktoestand, en het sy die medikasie vir ongeveer een maand gebruik. Nadat sy opgehou het met die medikasie het sy 'n senuwee ineerstorting gehad. Sy getuig verder dat sy steeds nagmerries kry en daaglik in vrees lewe vir 'n herhaling van die gebeure. Haar senu toestand het egter gestabiliseer.

- [42] Mnr. van Wyk het getuig dat gedurende 2001 daar in die Uppington gebied 375 gevalle van roof by die polisie aangemeld was, waarvan 55.5% suksesvol opgelos was.

In die jaar 2002 was in totaal 349 gevalle van roof aangemeld, waarvan 64% suksesvol opgelos was. Voorts het hy getuig dat daar 'n toename ondervind word in "*ernstige rooftogte*" dit wil sý ander dan die sogenaamde "*wynkanrowe*". Hy getuig ook dat 'n toenemende tendens ondervind word in rowe teenoor vrouens en persone in voertuie wie se vermoë tot verset beperk is, en dat die meer ernstige rowe gepleeg word deur persone wat in groepsverband handel.

- [43] Me. Britz het die inhoud van haar voorvonnis-verslag ten aansien van die tweede appellant aan die Hof voorgehou, en aanbeveel dat die Hof korrektiewe toesig as vonnis vir hierdie appellant oorweeg daar hy na haar mening 'n geskikte kandidaat vir korrektiewe toesig was.

Sy getuig dat, na haar mening, direkte gevangenisstraf die appellant nadelig sou tref aangesien hy dan ontnem sou word van sy steunstelsels. 'n Korrektiewe toesig vonnis sou ook die appellant in staat stel om sy

studies op skool te voltooi.

Die Landdros se kritiek teen die verslag opgestel deur hierdie getuie en haar getuienis as sulks, kom my onverdiend voor. Die Landdros het die getuie verkwalik dat sy nie meer moeite gedoen het en die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is, nagevors het nie, en haar ook nie uitgespreek het oor die erns van die misdryf as sulks nie. Dit is immers nie die taak van 'n maatskaplike werker om hom of haar uit te spreek oor die meriete van 'n skuldigbevinding en die erns van 'n misdryf nie. Dit is die Hof se taak. Die maatskaplike werker se taak is primêr daarop gemik om aan die Hof 'n karakterskets en daarmee gepaardgaande inligting aangaande die betrokke se vormingsjare, sy opvoeding, woonomstandighede en ander tersaaklike omstandighede te verskaf ten einde die Hof behulpsaam te wees met die oorweging van alternatiewe vonnisopsies. Uiteraard sal kennis van die omstandighede waaronder 'n betrokke aan die tersaaklike misdaad skuldig bevind is, 'n maatskaplike werker beter in staat stel om die reaksie van so 'n persoon op 'n ondersoek na die pleeg van die misdryf self beter te evalueer, maar ek meen nie dat 'n nalate van sodanige navorsing noodwendig die inhoud van die verslag tot eenogigheid doem soos die Landdros in *casu*

bevind het nie.

5] Die Streekhoflanddros het hierdie appellante onderskeidelik gevonniss tot 15 (vyftien) en 8 (agt) jaar (direkte) gevangenisstraf, op grond van onder andere die volgende verswarende omstandighede:

[51] Die toenemende tendens wat in die Uppington area ondervind word in meer ernstige gevalle van roof.

[52] Die misdaad is beplan.

[53] Die slagoffer was 'n vrou wat alleen in haar voertuig was en wat as 'n sagte teiken beskryf kan word.

[54] Die skade van die slagoffer veroorsaak deur die roof het beloop meer as R4 000.00.

[55] Slegs die klaagster se beursie met kredietkaarte is herwin.

[56] Die klaagster het die gebeure traumaties beleef en moes na die voorval medikasie vir haar senu toestand gebruik, en het uiteindelik 'n senu ineerstorting beleef.

[57] Die erns van die misdryf as sulks, en die wyse waarop

die slagoffer buite aksie gestel is.

[58] Die tendens dat misdrywe van hierdie aard normaalweg in groepsverband gepleeg word waar meerdere misdadigers as 'n groep hul slagoffer beroof.

[59] Die appellante het nie uit lewensnood die misdryf gepleeg nie, maar bloot vir eie gewin.

[510] Die appellante het weinig berou vir hul wandade.

6] In soverre die Landdros bevind het dat die appellante die misdaad beplan het, meen ek dat hy 'n mistasting begaan het. Uit die getuienis van mev. Williams blyk dit dat sy op die ingewing van die oomblik besluit het om haar eggenoot te besoek by sy werk. Sy was duidelik nie 'n persoon wat óf gereeld óf op bepaalde tye by die tersaaklike perseel aandoen nie. Die appellante kon dus nie vooraf geweet het dat sy op daardie dag en op die tydstip waarop sy voor die perseel stilgehou het, daar sou wees nie.

Daar is geen direkte getuienis tot die effek dat die appellante vooraf die roof beplan het, voor die Hof geplaas nie. Uit die feitelike getuienis kon myns insiens nie die afleiding as enigste redelike afleiding gemaak gewees het dat die appellante beplan het om wie ook al daar sou aankom by die

tersaaklike perseel te roof nie. Die feitelike omstandighede is eweseer versoenbaar met 'n optrede wat op die ingewing van die oomblik uitgevoer is.

- 7] Afgesien van die voorgaande is ek van mening dat die vonnisse die appellante opgel, skokkend swaar en onvanpas is.

[71] Die Streekhoflanddros was heeltemal geregverdig om die oorblywende verswarende omstandighede soos hierbo vermeld in ag te neem by die oorweging van 'n gepaste vonnis. In hierdie proses egter het hy myns insiens die erns en die reëlmaat waarin hierdie tipe misdrywe in sy regsgebied voorkom, oorbeklemtoon ten koste van die persoonlike omstandighede van die appellante.

[72] Die tweede appellant was 18 jaar oud ten tye van die pleeg van die misdryf en 'n graad 9 skolier sonder enige vorige veroordelings. Ooglopend het die Landdros geen of weinig oorweging gegee aan die beginsel ter sake by straftoemeting van 'n jeugdige eerste oortreder, naamlik dat so 'n persoon nie ligtelik na die gevangenis gestuur behoort te word nie en dat oorweging verleen behoort te word aan alternatiewe vorme van straf. Sien **S v Z en Andere 1999 (1)**

SASV 427 (OKA) te 441 e tot g; en S v Nkosi 202 (1) SASV 135 (W) te 147 f en die sake daarin aangehaal.

Om 'n kind en eerste oortreder van hierdie ouderdom en wat boonop nog op skool was, vir die oortreding in *casu* gepleeg vir 'n tydperk van 8 (agt) jaar na die gevangenis te stuur, kan myns insiens nie anders as gevoelloos en wreed bestempel word nie. Dit is beslis nie die taak van enige Hof om straf op hierdie onmenslike wyse uit te meet nie. Genadiglik vir hierdie appellant was die Streekhoflanddros nie, soos hy dit homself in sy uitspraak aangemati het, "*die eindverbruiker van alles wat verkeerd gebeur in ons samelewing*" nie, en is minstens nog hierdie Hof vir die appellant tot toevlug beskore.

Na my mening sou 'n meer gepaste vonnis vir hierdie appellant een gewees het van óf korrektiewe toesig soos aanbeveel deur die maatskaplike beampte voormeld, óf 'n vonnis kragtens art. 276(1)(i) van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977. Soos adv. Barnard namens die Staat betoog het, sou so 'n vonnis kentekenend gewees het van die weerspieëling van die voormelde beginsel naamlik dat 'n jeugdige eerste oortreder nie ligtelik direkte gevangenisstraf opgeí

word nie, en sou dit ook die appellant 'n geleentheid tot rehabilitasie bied terwyl dit terselfdertyd die gemeenskapsbelang akkommodeer.

- [73] Ook wat betref die eerste appellant meen ek dat die Landdros 'n buitensporige swaar vonnis opgelé het.

Hierdie appellant het weliswaar twee vorige veroordelings van diefstal en een van moord, en verdien vervolgens 'n aansienlik swaarder vonnis as die tweede appellant. Dit blyk egter uit die uitspraak dat die Landdros, en wat dieselfde Landdros was wat hierdie appellant op die moordklagte skuldig bevind het, in wese op die feite van die moordsaak bevind het dat die appellant in daardie saak ook deel was van die persone wat eers die slagoffer beroof het en daarna gedood het. Die Landdros neem dan die omstandighede van daardie saak in soverre hierdie appellant deel was van die persone wat die oorledene geroof het, as verswarend teen hom in ag asof hy hom ook aan die roof (van 'n kan wyn) skuldig gemaak het. Dit is myns insiens 'n mistasting en was die Landdros nie geregtig om sy kennis van die omstandighede van die vorige saak verswarend teen hierdie appellant in ag te neem asof hy hom ook toe aan roof skuldig gemaak het nie.

Duidelik het hierdie vorige kennis en vooroordeel van die Landdros bygedra tot die swaar vonnis die appellant opgelé. Op bladsye 146 tot 147 van die oorkonde sý die Landdros die volgende:

“Maar my probleem is dat as ‘n mens met genade straf en as ‘n hof iemand vir ‘n moord soos ek dit reeds na verwys het gekoppel ook aan roof alhoewel hy nie aan roof skuldig bevind was nie maar dit is baie duidelik dat beskuldigde 1 destyds op skool was in daardie diefstalsaak waar hy saam met ene Mashlacuba was, het hulle beweer hulle was nog op skool gewees. Hulle was nou maar net die Vrydagmiddag nou ‘n bietjie rondloop toe die voorval plaasgevind het. Op die roof uit die motorvoertuig of diefsal (verskoning) het die hof vir hom drie jaar gegee. In daardie selfde tydperk het hierdie moord waarop hy vyf jaar gekry het plaasgevind.

Nou dit is baie duidelik uit die moordsaak dat beskuldigde 1 toe as skolier soos wat beskuldigde 2 ook nou voorgee hy is saam met ‘n groep ander persone geloop het, ‘n man is beroof van ‘n kan wyn, beskuldigde 1 het destyds nog vir my gesê hy het nou nie regtig in die roof in die kan wyn belang gestel nie want die wyn het hom nou nie geval nie. Hulle wou eintlik die wyn gaan verkoop het.

Toe die ou man hom nou verset daarteen en luidkeels protesteer soos dit sy goeie reg is, soos enige mens wat geroof word sal doen toe was beskuldigde 1 een van die persone wat hom aan die hand gevat het en ‘n ander man het sy ander hand gevat en die die man wat die eintlike roof gepleeg het het hierdie man net so doodgesteek, ten aanskoue van sy kinders en mense.

Nou ek het beskuldigde destyds met wat ek beskou het ‘n groot mate van genade gestraf en het ek hom vyf jaar tronkstraf opgelé en ek het gelas dat dit nog saamloop met die drie jaar wat hy uitdien. Die ander man het ek 10 jaar gegee en hy behoort seker darem hopenlik nog in die tronk te wees want hy het drie jaar vir die roof gekry. So hy het

so 13 jaar gekry. Hy sal waarskynlik nog 'n bietjie in die tronk wees.

Maar as beskuldigde 1 nou destyds ook miskien met 'n groter oormaat van behoorlike straf besoek was was hy nog in die tronk en nie alweer betrokke by hierdie huidige voorval nie. Dit is die bitter ironie wanneer die hof met te veel genade straf dat dit selde of ooit sukses is en ek sê dit nie om watter rede nie dit is my ondervinding die afgelope 16 jaar. Dat as die hof vir ernstige misdade, selfs jeugdiges met te veel genade probeer straf dan het dit nooit 'n werklike heilsame effek nie."

Indien ek hierdie appellant in die eerste instansie sou vonnis, sou ek hom nie gevonniss het tot gevangenisstraf vir 'n langer periode as 8 (agt) jaar nie. Die appellant is nie skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede nie. Vergelyk hiermee **S v Mondi, 1999 (1) SASV 292 (O)**.

- [74] Die laaste stelling van die Landdros hierbo aangehaal is tiperend van 'n verwronge en foutiewe benadering tot die oogmerke van straftoemeting. Sien **Ex Parte Minister of Justice: in re R v Berger, 1936 AD 334 te 341**, waar die volgende gesê is:

"Tereg word gesê dat na skuldigbevinding die regter in 'n ander sfeer verkeer waar die ophê van die straf gepaard moet gaan met oordeelkundige genade en menslikheid ooreenkomstig die feite en omstandighede van die geval. Dit bring mee dat die regter kennis moet neem van die gevolge van enige moontlike straf op die veroordeelde, en dan die straf volgens reg en billikheid moet bepaal."

Sien verder **S v Rabie, 1974 (4) SA 855 (A) te 861 C**

tot 862 G.

- 8] Dit kom my voor asof die volgende uittreksel uit die uitspraak in **S v Khumalo & Others, 1984 (3) SA 327 (A) te 331 F tot G** ook toepassing vind op die onderhawige saak:

“It is the experience of prison administrators that unduly prolonged imprisonment, far from contributing towards reform, brings about the complete mental and physical deterioration of the prisoner.

The learned Judge does not appear to have considered whether the aim of reformation and rehabilitation was not more likely to be achieved by the imposition of a lesser period of imprisonment.

In my opinion, therefore, the learned trial Judge over-emphasized the retributive aspect, with the result that he did not give due consideration to the more important aspects of deterrence and reformation.”

- 9] Bygevolg slaag die appél en word die volgende bevele verleen:

A) Die vonnisse die appellante opgelê word ter syde gestel en vervang met die volgende:

“(1)Beskuldigde 1 word gevonniss tot 8 (agt) jaar gevangenisstraf.

2)Beskuldigde 2 word gevonniss tot gevangenisstraf kragtens die voorskrifte van

**art. 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 vir 'n
periode van 4 (vier) jaar.”**

**B) Die voormelde vonnisse word terugdateer na
10 Februarie 2003.**

HJ Lacock
REGTER

Ek stem saam.

CJ Olivier
REGTER

Namens appellant: Adv JJ Schreuder

Namens respondent: Adv TE Barnard